ACKNOWLEDGING AND CELEBRATING AGRI WORKERS FOR THEIR ROLE IN ENSURING A SUSTAINABLE FOOD SUPPLY

2020

Overberg

HAYGROVE HEAVEN

Haygrove Heaven is a farm in the Hemel-en-Aarde Valley close to Hermanus. Haygrove is an international company with berry farms in the United Kingdom, Portugal, China and South Africa. In combination, the South African farms form the biggest raspberry producing company in the Southern Hemisphere. Apart from raspberries, they also produce blueberries at Haygrove Heaven.

Berry farms are labour intensive and they employ around 300 people during peak season in the summer months. This makes Haygrove one of the biggest employers in Hermanus. Considering the large number of employees, it is no surprise that COVID-19 has been a big challenge to them as a business. For the safety of their employees, they had to implement many life changing protocols. These include compulsory wearing of masks, sanitizing of transport, introducing various hand washing stations all over the farm, conducting daily temperature checks and screening of employees. People are encouraged to practice social distancing where possible and teams have been split to ensure this.

For the past few years, Haygrove has had a full time clinic on the farm. This has been a corner stone in their fight against this pandemic, but it remains a challenging time. However, they believe they will emerge stronger than before.

AMAQHAWE BOERDERY

Riedewaan Marcus (26) is een van drie aandeelhouers in Amaqhawe Boerdery. Die naam “Amaqhawe” wat Company of Heroes beteken, bied aan Riedewaan en twee jong vroue die geleentheid om soos volwaardige helde in die landbou sektor uit te styg. Riedewaan het in 2014 by die projek aangesluit en kan met trots terugkyk na byna ses suksesvolle jare.

Die 400 hektaar grond buite Napier word by die Kaap Agulhas Munisipaliteit gehuur. Riedewaan werk voltyds op die plaas en met die hulp van twee tydelike werkers slaag hulle daarin om 84 hektaar gars en 60 hektaar koring te oes en aan produsente soos Unigrain en Pioneer Foods te verkoop. Die 75 beeste word met sorg behandel en die plaas kon al op verskeie veilings beeste verkoop.

Riedewaan is daarvoor verantwoordelik om daagliks toe te sien dat alle werkers ten volle toegerus is om die verspreiding van die Corona virus te voorkom. Hande word voor en na elke werkstaak ontsmet en gesigmaskers word ten alle tye gedra. Alhoewel hulle slegs drie persone in die werksopset is, word sosiale afstand steeds toegepas. Met alle voorkomingsmaatreëls in plek, kan alle bedrywighede op die plaas steeds voortgaan.

KLEIN EZELJACHT

Klein Ezeljacht Plaas bestaan uit 871 hektaar grond, met boerdery vertakkings van 54 hektaar appels en pere, 265 hektaar saaigrond (hawer en gars), 1 000 skape en 60 vleisbeeste. Die baie fynbos en bergagtige gedeeltes op die plaas, maak dit ‘n prentjiemooi stukkie natuurskoon in die Overberg. Die vrugte word hoofsaaklik deur True Cape bemark. Die plaas het 18 permanente werkers en 36 tydelike werkers wat vermeerder na 70 - 80 werkers gedurende seisoentyd.

Die plaas het aan elke werker drie lapmaskers verskaf wat gereeld gewas kan word. Hande word gereeld ontsmet. Ontsmettingsmiddels is by strategies plekke op die plaas beskikbaar, veral by die mobiele toilette en ander kleedkamers. Hul meet ook elke oggend die temperature van al die werkers en gee op ‘n daaglikse basis belangrike COVID-19 statistieke en nuus deur aan die werkers. Sover is hulle nog veilig, met geen COVID-19 gevalle wat aangemeld is nie.

VRUGTE BY DIE VRAGTE VOL

Sitrusboere van die Buffelsjag-riviervallei het tydens die verpak-kingsperiode saamgespan om vragte sitrusvrugte aan omliggende gemeenskappe in Swellendam, Suurbraak, Barrydale en Buffelsjagrivier te skenk. Tonne nartjies en suurlemoene, wat oorspronklik vir die uitvoermark bestem was, is deur die Swellendam Munisipaliteit by huishoudings regoor die streek afgelewer. Volgens die burgemeester, Nicholas Myburgh, is sitrusvrugte ‘n uitstekende bron van Vitamien C en het die inwoners se immuunstelsels ‘n welkome hupstoot gekry. Ten minste 100 ton vrugte is deur munisipale spanne uitgedeel.

All stories and photos were obtained from farms and agri workers in the specific region.
Visit our website for these and other stories/photos.

Western Cape Government
Agriculture

www.elsenburg.com
#staysafe #savelives
#ForTheLoveOfAgriculture